## Die waarheid oor Zorel

**45** Cyrenius, wie se oë groot rek, sê heimlik vir My: Meester! U het voorheen opgemerk dat hierdie persoon baie dom en sleg is, en nou redeneer hy ewe logies as een van die beste heidense advokate! Weliswaar het hy weinig van die Judeërs aangeneem, maar hy is in ons wette en die van die ou Griekse ryk, net so tuis soos een van ons. Daar is beslis nie veel teen hom in te bring nie! Ek wag nou op iets baie dom, maar tevergeefs - hy praat maar net meer verstandiger en verdedig sy diefstal op `n manier waarteen byna niks in te bring is nie! Wat kan ons onder die omstandighede dan met hom aanvang?"

[2] Ek sê: "Moenie jou daaroor bekommer nie. Hy sal self alles, wat hy nou volgens sy beperkte begrip as baie verstandig en reg beskou het, op `n oortuigende wyse weerlê! Ondervra hom nou maar nog verder, want Ek vind dit baie belangrik dat julle die onderbou van wat die mens ‘gevatheid’ noem, baie duidelik en helder leer onderskei van die van die verstand!"

[3] Cyrenius sê: "Nou, dan is ek tog baie benoud na wat dit uiteindelik sal oplewer!"

[4] Zorel vra: "Geëerde gebieder van Rome! Wat staan my te wagte en wat kan ek verwag? Is u dit met my eens, of moet ek my by u mening aansluit, wat u weliswaar nog nie uitgespreek het nie?"

[5] Cyrenius sê: "Vir sover ek jou wens sal of nie sal inwillig nie, sal ons nog die een en ander te bespreek hê! Jy skyn my `n gevatte snuiter te wees en jou eerlikheid skyn nie veel om die lyf te hê nie! Of jy nou die genoemde vier diere werklik ronddwalend in die groot bos gevind het terwyl hulle vir hulle wettige eienaar verlore was, of miskien ook êrens anders gevind het, en of jy ook jou ander huisgereedskap maar net gevind het, laat ons voorlopig buite beskouing. Maar laat ek jou eers gou iets anders vertel, naamlik dat daar hier in my geselskap, net soos op ander plekke, heldersiende mense hulle bevind wat reeds tallose bewyse van hulle heldersiende gawes afgelê het, en dat ek soveel geloof aan hulle nugtere mening heg dat dit nie deur honderduisend teenbewyse weerlê kan word nie!

[6] Wel, so `n man sê toe vir my, toe jy nog maar skaars die stad uit was, dat jy sou kom en wat jy aan my sou vra. Ek het reeds voordat ek jou gesien het geweet dat jy teenslae gehad het. Jy sou dit egter maklik kon verhinder het as jy tuis gebly het, maar jou onwettige opvattinge oor beskermde besit het jou na die strate van die brandende stad gedryf om êrens weer iets langs onwettige weë in besit te neem. Intussen vat jou strooihut vlam en so gaan jou onwettige besittings vinnig in vlamme op. Dat jou diensmaagd jou by hierdie geleentheid in jou vuilheid agtergelaat het, is te verstane, omdat sy jou ken en weet dat jy iemand is wat by so `n geleentheid absoluut nie te vertrou is nie.

[7] Want hoeseer jy by andere ook teen wettige privaatbesit is, in jou eie huis wil jy tog heeltemal ongestoord daarvan verseker wees! Wel, nou het die vuur jou besit onwettig verteer en jy kan die elemente nie tot verantwoording roep nie, omdat dit jou sekerlik geen rekenskap sou kon gee nie. Maar jou diensmaagd sou jy baie hard bygedam het en sy sou jou, onder allerlei mishandelinge, die skade om lewe en dood moes vergoed het, omdat jy hoog en laag sou beweer het dat die vuur alles maar net deur haar nalatigheid verteer het.

[8] Kyk, dit en nog ander dinge sê dié mense vooraf oor jou en ek skenk hulle, meer as aan alle gode van Rome en Athene, die volste geloof! Maar in ons wette staan `n gesegde wat lui: "Audiatur et altera pars! * En daarom kan jy my `n teenbewys lewer. Om jou te verdedig mag jy soveel as wat jy weet en kan na vore bring, ek sal alles met die grootste geduld aanhoor!" *( *Ook die ander party word aangehoor!)*

## Zorel vra om vrye aftog

**46** Ietwat peinsend sê Zorel: "Geëerde gebieder! As u al by voorbaat sê dat u aan één van u beproefde waarsêers meer geloof skenk as honderdduisend ander getuies, sou ek wel eers wou weet waarvoor `n teenbewys van my kant af dan goed sou wees, want dit sou in elk geval tog sinneloos wees! Teen u onwankelbare geloof, op watter gronde dit maar ook gebaseer is, is dit onmoontlik om nog die een of ander teenbewys te lewer. Bowendien het u alle mag in u hande! Wie sou u kon teëspreek?!

[2] Wat baat dit my al sê ek u hóé vasberade dat dit tog nie waar is nie? U sal die waarsêer hier byhaal wat my dit, wat u my reeds gesê het, nog `n keer regstreeks sal sê en dan sit ek met my weerwoord heeltemal in die diepste put. Kortom, met u 'meer as honderdduisend mense glo' is verder niks aan te vang as om dit heel gemoedelik te aanvaar nie, want u sal die waarsêer tog meer glo as honderdduisend deur my aangevoerde teenbewyse! Ek sê by so `n vooraf vasstaande bewering niks anders meer nie as: ‘Geëerde gebieder, vergeef my dat ek na u toe gekom het!’

[3] Origens bly ek tog wel by my beginsel dat `n privaatbesit wat deur streng wette beskerm word duisendmaal slegter is vir die menslike samelewing as `n vrye, gemeenskaplike besit! My motiewe teen hierdie egte doos van Pandora, het ek reeds kenbaar gemaak en daarom hoef ek dit nie te herhaal nie. Slegs dit voeg ek nou daaraan toe, dat ek in die vervolg, ter wille van die ellendige dwang van die uiterlike, ruwe geweld die in die praktyk bring van my beginsel sal laat vaar!

[4] Ek sien weliswaar in die wette tot beskerming van besit geen heil vir die arme mensdom nie, ek vind dit eintlik die grootste dwaasheid; maar wat kan één enkele, in die armsaligste vodde gehulde mens teen honderdduisend maal honderdduisende doen?! Dit is

moontlik dat daar deur die wettige besit klein, hier of daar in die gemeenskaplike besit voorkomende ongeregtighede teëgehou word op grond van die feit dat iets slegs ook `n bietjie goeds met homself saambring, maar die teëhou van klein euweltjies staan in geen enkele verhouding tot die verskrikkinge wat uit die ondermynende privaatbesit ontstaan en moet ontstaan nie!

[5] Ek is derhalwe uitgepraat. Iets goeds het ek onder die huidige omstandighede beslis nie verwag nie, en daarom sal dit beter wees as ek, met u welwillende toestemming, weer vertrek. Maar natuurlik slegs as u dit sou goedvind! Want volgens die - die gode weet dit - skynbaar ware getuienisse teen my, waarmee u waarsêers u oorlaai het, staan ek as `n misdadiger voor u, en misdadigers moet immers eers gestraf word voor `n mens hulle weer vrylaat. Die wet moet eers met die bloed van `n arme dier versadig word, voordat die vryheid aan hom teruggegee kan word!

[6] Staan ek volgens u begrippe as `n te bestrafte misdadiger voor u, straf my dan dadelik en gee my daarna weer my vryheid - of die dood! Vir my maak dit nie meer saak nie, want ek staan nou volkome weerloos voor u. Romeine is en bly egter dorre toepassers van die wet, en niemand kan sy verstand en sy nood beskerm teen die wraak van u wette nie! Sê my, geëerde gebieder, mag ek weer vertrek soos wat ek gekom het, of moet ek hier bly vanweë die straf wat my opgelê moet word?"

## Die voorbereiding tot die magnetiese slaap

# 47

Cyrenius sê op weliswaar ernstige, maar tog menslike warm toon: "Weggaan mag jy nie, maar vir `n te verwagte straf hoef jy ook nie hier te bly nie, veeleer ten behoewe van jou eie heil! Die straf van sondaars verskaf ons Romeine nog nooit enige genoeë nie, maar wel hulle egte en volledige genesing. As dit sonder die strenge tugroede bereik kan word, is dit altyd vir ons baie beter! Die tugroede neem ons eers dan ter hand as alle ander middele niks uitrig nie. Daarom word ook niemand vanweë `n éénmaal begane sonde teen die bestaande heilsame wet streng tot verantwoording geroep nie. Dit gebeur eers as hy herhaaldelik dieselfde sonde begaan het, hetsy uit groot ligsinnigheid of selfs uit noodlottige moedswilligheid. Wie herhaaldelik moedswillig `n sonde begaan, moet ook moedswillig bestraf word!

[2] Wel, jy het volgens jou ou Spartaanse beginsels slegs uit nood gesondig en nou staan jy vir die eerste maal voor `n regter! Slegs om hierdie rede sal jy ook nie vervloek en veroordeel word nie, maar jy moet hier nou jou slegtheid en domheid beken en aflê! Jou erg sieke siel sal genees word en jy moet die seën van die wyse wette insien en jou terdeë daarvolgens gaan gedra. Daarna sal jy dan as `n algeheel bevryde mens hiervandaan huistoe gaan en jouself daaroor verheug dat jy `n waaragtige rein en vry mens sal wees.

[3] Om te trag om hierdie doel te bereik, sal `n rein, fisies en geestelike sterk man uit ons geselskap jou sy heilbrengende hande op jou kop en bors lê. Hierdie baie sagte behandeling sal by jou die denkbeelde wat in jouself sluimer, opwek en tot lewe bring wat maak dat jy die heil van die geordende en streng bekragtigde wette van Rome sal erken en dat jy jou daaroor selfs sal verheug! - Is jy daarmee eens?"

[4] Zorel antwoord ietwat opgewekter as voorheen: "Geëerde meester en verhewe gebieder! Ek is dit eens met alles wat anders heet as slae, onthoofding of selfs kruisiging! Of so `n behandeling my egter tot beter en verstandiger beginsels sal bring, daarvoor kan ek nie instaan nie, want `n bejaarde boom laat hom nie meer so maklik buig nie! Maar aan die moontlikheid daarvan wil ek ook nie heeltemal twyfel nie! - Maar waar is die man wat sy kragtige hande op my sal lê?"

[5] Cyrenius vra My sydelings of die tyd nou aangebreek het.

[6] Ek sê: "Nog bietjie geduld, gun die siel nog bietjie tyd om dit te verwerk! Hierdie man sit nou vol opgewonde gedagtes en sou nie goed in die magnetiese slaap gebring kan word nie. Ook Zinka mag nie aan hom voorgestel word as die een wat daarvoor uitverkies is nie, voordat die regte oomblik nie daarvoor aangebreek het nie! Ek sal julle wel die teken daarvoor gee."

[7] Na My woorde en My aanwysing bly almal `n tydjie stil, en ons Zinka wag met angstige vreugde op My teken om Zorel te behandel. Dié word nou egter bestorm deur allerlei gedagtes oor die miskien werklik goeie maar ook die uiteindelik bose wat die mense hom sou kon aandoen. Maar hy let op ons gesigte en sê dan by homself: `nee, hierdie mense sien nie te kwader trou daaruit nie, hulle kan `n mens vertrou! Hulle kan alleen iets goeds, maar nooit iets slegs doen nie!'

[8] Wel, hierdie voorbereiding was op sigself noodsaaklik vir die behandeling wat toegepas moes word; sonder dié voorbereiding sou die oplegging van hande deur ons Zinka vergeefse moeite gewees het. **Want met hierdie behandeling moet die persoon wat behandel word self in `n sekere stadium tot geloof en vertroue gebring word**. Andersins sal dit nie so maklik wees om hom, ondanks alle menslike moontlike substansiële sielekrag, ook al is dit hóé oorvloedig aanwesig, in die heilsame slaap te bring nie.

[9] Ja, dit is by volledig uit en in die gees wedergebore mense heelwat anders! Hulle hoef, net soos Ek, slegs te wil – en die genesing is `n feit! Maar by `n mens wat nog nie volledig wedergebore is nie en die sieke so wil behandel, **moet ook die opwekking en die tot lewe bring van die te behandelde mens vooraf gebeur**, omdat anders – soos gesê – die hele behandeling moeite en werk verniet sou wees.

[10] Nou is Zorel ryp en Ek gee Zinka dadelik die afgesproke teken om Zorel die hande op te lê.